**5 Maart**

**Skrifgedeelte: Eksodus 5:22 – 6:12**
**Fokusgedeelte: Eksodus 6:5-7**

**Die verlossingsplan van ons groot God!**

Moses is nie dié Verlosser nie. Ons sien dit duidelik as hy ook teen die omstandighede vaskyk en perspektief verloor (vs 22-23).
Sy moedeloosheid word egter ’n geleentheid vir God om sy grootheid te openbaar. Hy is nie doof vir sy volk se noodkrete nie (vs 4). Hy het dit gehoor en Hy sal hulle uit slawerny en die slegte omstandighede verlos met magtige dade. Hy wil hulle egter nie verlos net om dinge vir hulle beter te maak nie. Nee, Hy sal hulle verlos hulle sodat hulle, sy mense, kan besef dat Hy die HERE is (vs 6)! Die Een wat is Wie Hy is. Die Een voor Wie elke knie sal buig. Die troue Verbondsgod wat by sy Woord hou en wat dit weer vir sy kinders moontlik maak om by Hom in die beloofde land onder sy liefdevolle regering te leef!
Ons het hierdie waarheid baie meer nodig as net bloot beter omstandighede. Wat help beter omstandighede my as ek steeds ’n slaaf bly van my eie selfsug en my opstandige hart wil hê dat almal voor my moet buig? Daarom is dit die kern wat die Here in sy mense se harte wil verander. Hy wil hê dat hulle Hom weer raaksien.
God stuur vir Moses om dit vir die Israeliete te gaan sê. Hoe reageer hulle? Hulle is nie opgewonde nie. Op ’n manier is dit te verstane, want hulle het nog nie die magtige dade gesien nie. Hulle het nog nie gesien hoe God by hulle eersgeborenes verbygaan op grond van die bloed van die lam en hulle so red van sy regverdige oordeel nie.
Ek en jy het egter gesien hoe Hy sy eie Seun, dié Lam, nie spaar nie, maar Hom oorgee om te sterf aan die kruis om ons almal te red (Rom. 8:32). Daar was nog nooit ’n magtiger daad van ons God as dit nie. Hoe groot is ons God nie!
As ek sy grootheid hierin raaksien en deur die Heilige Gees my oë in die moeilikste omstandighede op my Verlosser rig, word my swaarkry, hoe erg ook al, draaglik, omdat ek hoop op die groter verlossing wat Jesus reeds vir my bewerk het!

*Sing: Psalm 130:3, 4 (2001)* *Ds. TF Dreyer (Randburg)*